**BINNELANDERS 12**

**EPISODE 093(3008)**

SKRYWER: PAUL C VENTER

**MNET LOGO**
**TERUGFLITSE UIT VORIGE EPISODE(S)**
**TITELSEKWENS**

---

**TONEEL 1.1 KOSTERHUIS OGGEND BINNE**

---

TRACY (WERKSKLERE) EET GEDEMP ONTBYT. VERSTYF AS CONRAD ENTER (WERKSKLERE) EN OORKANT HAAR AANSIT. HULLE VOEL ONGEMAKLIK SAAM.

**CONRAD**

**Goeie more.**

TRACY KNIK STYF. EET VERDER. CONRAD PROBEER EET, KAN NIE.

**CONRAD**

**Ek hoop Lukas is klaar met die alarm.**

TRACY EET IN STILTE.

**CONRAD**

**Gaan ons nou net sit en asemhaal?**

**TRACY**

**Ek probeer eet.**

**CONRAD**

**Ek probeer praat met jou.**

**TRACY**

**Grom is nie praat nie.**

**CONRAD**

**Ek probeer, Tracy. Jy probeer nie eers nie.**

©2021

**TRACY**

**Ek het niks om te sê nie. Het jy iets om te sê? Regtig?**

HY VERERG HOM.

**CONRAD**

**Ek kan nie hierdie belaglike kinderagtigheid – ek het nie tyd hiervoor nie.**

HY STAAN ERGERLIK OP, KRY SY SAK EN MOTORSLEUTEL. TRACY IS TOG SPYT OOR HAAR GEDRAG.

**TRACY**

**As ek verkeerd is oor iets –**

LUKAS ENTER (WERKSKLERE), KOM GEMAKLIK VOOR.

**LUKAS**

**More, more, almal lekker geslaap?**

TRACY BLY STIL.

**CONRAD**

**Is jy klaar?**

LUKAS KOM SIT AAN.

**LUKAS**

**Nuwe stelsel is in plek, reg om die huis. Sekuriteit is nou maklik twee keer beter.**

**CONRAD**

**Is ons veilig?**

**LUKAS**

**Twee honderd persent.**

**CONRAD**

**Dit klink na besigheid, dankie.**

(WIL LOOP, KOEL AAN TRACY)

© 2021

**Mooi dag vir jou.**

TRACY REAGEER NET SO KOEL.

**TRACY**

**Selle vir jou.**

CONRAD EXIT. LUKAS GLIMLAG WRANG.

**LUKAS**

**Ek skat die kwik staan suid van vriespunt hier rond.**

TRACY BLY KOEL.

**TRACY**

**Lyk dit vir jou soos 'n joke?**

**LUKAS**

(GLIMLAG NIE MEER NIE)

**Is dit iets wat ek gedoen het?**

**TRACY**

**As dit is – hoe gaan jy dit fix? Nog 'n alarm insit? Nog mooier na my kyk?**

**LUKAS**

**Hey, ek probeer net nice wees.**

SY EMPATIE BRING TRANE IN TRACY SE OË. SY PROBEER HARD FERM WEES.

**TRACY**

**Jy moet een ding baie goed verstaan. My relationship met Conrad het niks met jou te doen nie, absoluut niks.**

LUKAS VERERG HOM.

**LUKAS**

**So ek is niks?**

© 2021

**TRACY**

**Jy't 'n gehoorprobleem, dis nie wat ek gesê het nie.**

**LUKAS**

(DIKMOND)

**Oukei, sure,  sorry ek het my mond oopgemaak.**

HY PROBEER EET. SY OOK. DIE STILTE HOU NIE LANK NIE.TRACY IS NOU JAMMER.

**TRACY**

**Lukas, daar's 'n klomp goed aan die gang, nie mooi goed nie, maar ek het nie die reg om so met jou te praat nie. Vergewe my.**

LUKAS IS NIE GEREED OM TE VERGEWE NIE.

**LUKAS**

**Dis oukei, moenie worry nie, ek ken van frustrasie. Koffie is koud. Joune oukei?**

**TRACY**

**Dis fine, dankie.**

LUKAS EXIT KOMBUIS TOE OM VARS KOFFIE TE KRY. TRACY RAAK NIE VERDER AAN HAAR ONTBYT NIE. SY IS DIEP ONGELUKKIG.

---

**TONEEL  1.2    GABY WOONSTEL    OGGEND BINNE**

---

KAREN (WERKSKLERE) ENTER UIT DIE KAMER. LIAM (WERKSKLERE) IS BESIG OM ONTBYT TE MAAK.

**LIAM**

(BOT)

**Ek maak toast, soek jy?**

© 2021

**KAREN**

(VIES)

**Nie as dit met soveel liefde gemaak word nie. Weet jy wat kan jy doen met jou toast?**

**LIAM**

**Weet jy, ek het nie krag hiervoor nie – wat daarvan jy maak jou eie brekfis?**

**KAREN**

**Ek kan nogal, jy weet. Jy was nie altyd in my lewe nie.**

**LIAM**

**Ah, die goeie jare, sorgeloos en vry - hoe verlang ek nou.**

**KAREN**

**Wat het jy gedoen met Liam? Waar's hy? Ek wil graag met Liam praat.**

**LIAM**

**Hy's nie nou beskikbaar nie.**

**KAREN**

**Sê my net, asseblief, is daar iewers 'n cut-off point? Hoe lank gaan jy nog kwaad bly vir my?**

**LIAM**

(BARS UIT)

**My probleem is my probleem, Karen! Was nie jou plek om my pa als te vertel nie!**

**KAREN**

**Ek het dit goed bedoel!**

**LIAM**

**Rêrig? Ek is 'n down-and-out drug addict, dis goed bedoel?**

© 2021

**KAREN**

**Ek het dit nie so gesê nie! Wat anders moes ek doen? Nog 'n ou mooi liegstorietjie uitdink? Jou pa's nie 'n fool nie, Liam!**

**LIAM**

**Dit was nie jou plek nie. Jy't nie die reg gehad nie.**

**KAREN**

**Hey, wat van – miskien moes ek hom vertel het jy werk eintlik saam met Annelize-hulle, julle plot saam om hom weg te sit. Dit was soort van op die punt van my tong.**

LIAM SUG, SKUD SY KOP.

**LIAM**

**Ja, oukei, jy was in 'n hoek, sorry...maar ek kan nie help nie, dit laat my nie verskriklik beter voel nie.**

OOMBLIK STILTE.

**KAREN**

(VERSIGTIG)

**Jy weet, ek dink...jy's eerder sad as kwaad oor hy weet. Moenie dit aan jouself doen nie, dis niks om oor skaam te wees nie.**

**LIAM**

**Ek soek nie dit moet by my ma uitkom nie.**

**KAREN**

**Sy's jou ma, sy sal verstaan.**

**LIAM**

**Sy sal haarself net blameer, nog iets waaroor sy skuldig kan voel.**

© 2021

**KAREN**

**Ek weet nie, ‘n ma kan jou surprise.**

**LIAM**

**Jy verstaan nie, elke stampie toe ek klein was, elke skrapie op die rugbyveld...dit was somehow haar skuld, sy’t haarself ge-torture oor dit.**

KAREN VIND DIT ERG, PROBEER COVER.

**KAREN**

**Sy’s lief vir jou.**

LIAM KOM SIT TWEE BORDE ONTBYT OP DIE TAFEL NEER. SYNE HET TOAST BY.

**LIAM**

**Ek moenie met jou baklei nie. Ek moet reguit met my pa gaan praat, hy moenie stories by my ma aandra nie.**

**KAREN**
(GLIMLAG)

**Dis beter, positive thinking, seize the day.**

SY GRYP STOUT LIAM SE TOAST, VAT ‘N GRETIGE HAP.

**LIAM**

(VERONTWAARDIG)

**Het jy nou net my toast ge-seize?**

**KAREN**

**I changed my mind, darling. Woman’s privilege.**

LIAM GLIMLAG AMPER.

---

**TONEEL 1.3 CONRAD KANTOOR OGGEND BINNE**

---

ANNELIZE (WERKSKLERE) IN ERNSTIGE GESPREK MET OMGEKRAPTE CONRAD.

© 2021